**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0 1 9 1 | 98/11/01/305 | 15 | 1650/1 |

Rapport Jg. 28 Nr. 44 P. 6 Dat. 1 NOV 1998

TREFWOORDE
1 Kommissie vir Waarheid
2 Verslae
3 Voorstelle
4 Belasting
5 Heffings
6 Herverdeling van Rykdom
7 Gaping
8 Armoede
9 Volhoubare ontwikkeling
10

# 'Rykes' moet 'armes' só help

WELVAART-BELASTING en verskeie heffings, donasies en ander bydraes is volgens die aanbevelings van die WVK maniere waarop die sakegemeenskap 'n reuse-bydrae moet maak tot die verkleining van die welvaart-gaping.

Die kommissie verwys meer as een keer na wat hy noem "die onaanvaarbare gaping tussen die bevoorregtes en benadeeldes in ons gemeenskap".

Een van sy eerste aanbevelings lui dat die Regering vinniger moet werk om die gaping uit te wis deur onder meer dringende aandag te gee aan die transformasie van onderwys, die voorsiening van woonplek, toegang tot skoon water en gesondheidsdienste en die skep van werkgeleenthede.

Dit is noodsaaklik vir die ontwikkeling en instandhouding van 'n kultuur van respek vir menseregte, meen die kommissie.

In 'n reeks aanbevelings oor die rol van die sakegemeenskap, laat die WVK geen twyfel oor die materiële bydrae wat hy meen daardie gemeenskap moet maak nie. Welgestelde individue, gegradueerdes en selfs sommige oud-staatsamptenare kan egter ook die aanbevelings aan die lyf voel.

Die kommissie beveel onder meer aan dat die volgende oorweeg moet word om die armes te bemagtig: welvaart-belasting; 'n eenmalige heffing op korporatiewe en private inkomste; 'n eenmalige donasie van een persent van die markkapitalisasie van elke maatskappy wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is; 'n bobelasting op korporatiewe winste terugwerkend tot 'n bepaalde datum; 'n bobelasting op "goue handdrukke" aan senior staatsamptenare sedert 1990 en die opheffing van alle belastings op donasies van grond en ander middele aan voorheen benadeelde gemeenskappe.

Die Sasria-fonds moet ondersoek word as 'n moontlike geldbron vir heropbou en ontwikkeling en reparasie.

Saam met streek- en plaaslike regering en die Grondkommissie moet die sakegemeenskap 'n oudit onderneem van alle ongebruike en ondergebruikte grond met die oog daarop om dit aan grondlose mense beskikbaar te stel.

'n "Besigheid-versoeningsfonds" moet in die lewe geroep word. Die trustees moet geld genereer om met spesifieke ontwikkelingsprojekte te help waar onder meer klein swart entrepreneurs onder apartheid gely het.

Van die banksektor kan verwag word dat dit 'n gesubsidieerde leningskema ontwikkel vir die ontwikkeling van kleinsake en arbeidsintensiewe nywerhede.

Die WVK steun voorts die Wet op Billike Indiensneming en beveel aan dat die sakegemeenskap voorkeur gee aan die ontwikkeling en inwerkstelling van opleidingsprogramme.

En, meen die WVK, mense moet deur belastingvoordele aangemoedig word om vir die onderwys te betaal van die jeug van die voorheen benadeelde gemeenskappe. Ook moet die Regering oorweeg om 'n bykomende belasting op die salaris van gegradueerdes te hef sodat 'n beursfonds vir studente gestig kan word.